

AFRIKANER NASIONALISTIESE BEWEGING

GRONDWET

- 1 **Naam**
Die organisasie se naam is die *Afrikaner Nasionalistiese Beweging (ANB)*.
- 2 **Organisasiestruktuur**
- 2.1 Die grondvlak struktuur van die ANB is takke wat geografies georden is en bestaan uit ten minste 4 lede.
- 2.2 Elke tak kies drie verteenwoordigers op die Hoofbestuur van die ANB.
- 2.3 Die Hoofbestuur kies 'n Dagbestuur.
- 3 **Lidmaatskap**
Elkeen wat hom/haar:
- 3.1 skriftelik verbind tot onderskrywing, handhawing en uitlewing van die Grondslag, Doelstellings en Beginsels.
- 3.2 gewillig onderwerp aan die gesag en tug ingevolge die Grondwet en
- 3.3 reeds die ouderdom van 16 jaar bereik het, kan as lid aanvaar word.
- 3.4 **Aansoek om lidmaatskap**
- 3.4.1 Aansoek om lidmaatskap kan slegs gedoen word op die voorgeskrewe vorm.
- 3.4.2 Die volledig voltooide, ondertekende vorm moet by die tak waaronder so 'n aansoek gemaak is, ingehandig word of waar daar nog nie 'n tak bestaan nie moet sodanige vorm aan die Dagbestuur besorg word.
- 3.4.3 Die verantwoordelikheid berus by die tak om aansoeke deur die tak ontvang aan die hoofkantoor te besorg vir opneming in die lederegister.
- 3.4.4 'n Aansoeker word lid sodra die aansoek deur of die tak of die Dagbestuur aanvaar is. Waar aansoeke per pos ontvang word moet die aansoeker skriftelik in kennis gestel word of die aansoek aanvaar is al dan nie.
- 3.4.5 Die tak of die Dagbestuur kan sonder opgaaf van redes weier om 'n persoon as lid toe te laat.
- 3.4.6 'n Lid hou op om lid te wees:
- 3.4.6.1 as hy/sy as sodanig skriftelik bedank
- 3.4.6.2 as hy/sy aansluit by 'n ander organisasie wat strydig is met die Grondslag, Doelstellings en Beginsels van die ANB.
- 3.4.6.3 sy/haar lidmaatskap deur die tak of Hoofbestuur beëindig word. 'n Lid kan skriftelik by die
- Hoofbestuur appèl aanteken teen sy/haar lidmaatskap beëindiging deur die tak.
- 3 **Regte en pligte van 'n lid**
- 3.1 'n Lid het die reg om aan die werksaamhede van die ANB deel te neem en om in enige bestuur of komitee verkies te word.
- 3.2 Dit is die plig van 'n lid om getrou en lojaal te dien en die orde en gesag van die ANB te gehoorsaam.
- 3.3 Geen lid mag namens die ANB 'n openbare verklaring uitreik nie, tensy skriftelik daartoe gemagtig deur die Dag- of Hoofbestuur.
- 4 **Takke**
- 4.1 'n Tak word gestig slegs waar daar ten minste 4 lede in 'n geografiese gebied woonagtig is.
- 4.2 Slegs lede mag teenwoordig wees by die stigting van 'n tak, met dien verstande dat 'n lid direk voordat daar oorgegaan word tot stigting deur die teenswoordige lede aanvaar kan word as 'n lid, onderhewig daaraan dat die voorgeskrewe aansoekvorm volledig ingevul en onderteken is.
- 4.3 Geen lid mag lid van meer as een tak wees nie
- 4.4 Die tak moet by sy stigting 'n bestuur kies. Die bestuur moet bestaan uit tenminste 'n voorsitter, sekretaris en penningmeester.
- 4.5 Die tak moet drie lede aanwys om die tak te verteenwoordig by die Hoofbestuur. Die tak moet ook drie sekondusse aanwys wat die tak by die Hoofbestuur kan verteenwoordig wanneer 'n primariuslid nie 'n Hoofbestuursvergadering kan bywoon nie. By versuim om drie lede aan te wys sal aanvaar word dat die voorsitter, ondervoorsitter en penningmeester die tak sal verteenwoordig.
- 4.6 Die taksekretaris moet binne veertien dae na stigting die Dagbestuur in kennis stel van:
- 4.6.1 Die naam van die tak.
- 4.6.2 Die geografiese gebied verteenwoordig deur die tak.
- 4.6.3 Die name, adresse, telefoonnommers, selfoonnommers en e-posadresse van die lede van die tak.
- 4.6.4 Die name van die takbestuurslede en die onderskeie ampte deur hulle beklee.
- 4.7 'n Tak moet jaarliks reorganiseer op 'n datum soos bepaal deur die Hoofbestuur.
- 4.8 Indien 'n vakature ontstaan op die bestuur van die tak, moet sodanige vakature by wyse van kooptering deur die bestuur aangevul word.

AFRIKANER NASIONALISTIESE BEWEGING

GRONDWET

- 4.9 'n Tak kan by wyse van 'n meerderheid van stemme op 'n takvergadering enige bestuurslid van sy amp ontslaan en iemand anders in sy/haar plek verkies. Sodanige veranderings moet binne veertien dae skriftelik aan die Dagbestuur oorgedra word.
- 4.10 Die pligte en werksaamhede van 'n tak sluit die volgende in en enige addisionele pligte soos deur die Hoofbestuur besluit mag word:
- 4.10.1 Die *ANB* Grondslag, Doelstellings en Beginsels nougeset na te kom en die organisasie op dié basis uit te bou.
- 4.10.2 Die *ANB* finansiëel te ondersteun en fondse in te samel ten behoeve van die *ANB*.
- 4.10.3 Met sorg om te sien na fondse en bates wat in die tak se besit mag wees.
- 4.10.4 Om soveel keer as wat nodig is te vergader, maar minstens een keer elke twee maande, in belang van die werksaamhede van die *ANB*.
- 4.10.5 Om opdragte en besluite van die Hoofbestuur uit te voer en byeenkomste of vergaderings te reël wat die Hoofbestuur noodsaaklik ag vir die gebied.
- 4.10.6 Vergaderings van die tak word belê deur die taksekretaris in konsultasie met die takvoorsitter en kennis moet gegee word aan alle lede in die tak se gebied.
- 4.10.7 Indien 'n skriftelike versoek van ten minste 40% van die lede ontvang word moet die sekretaris 'n vergadering binne 14 dae na so 'n versoek belê.
- 4.10.8 Die bestuur kan 'n bestuursvergadering hou sonder die betrokkenheid van al die lede met dien verstande dat daar ten minste drie takvergaderings per jaar gehou word waarna al die lede uitgenooi word.
- 4.10.9 'n Kworum op 'n bestuursvergadering is 'n gewone meerderheid terwyl 'n kworum op 'n takvergadering die meeste is van 4 lede of 30% van die lede.
- 4.10.10 Huisvergaderings kan deur die tak gereël word waarna nie-lede ook uitgenooi kan word.
- 4.10.11 Openbare vergaderings moet in oorleg met die Dag- of Hoofbestuur gereël word, wat die spreker van enige openbare vergadering moet goedkeur.
- 4.10.12 Geen tak of lid mag 'n kontrak sluit waardeur die *ANB* as regs persoon gebind word nie, tensy skriftelike magtiging daartoe vooraf van die Dagbestuur of Hoofbestuur verkry is.
- 4.10.13 Die bestuur van die tak is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik teenoor die Hoofbestuur vir enige skuldoorsaak, van watter aard ookal, van die tak, wat ontstaan gedurende die bestuurslede se ampstermyn.
- 5 Hoofbestuur**
- 5.1 Samestelling**
- 5.1.1 Die Hoofbestuur word saamgestel uit die verteenwoordigers soos aangewys deur die takke.
- 5.1.2 Die Hoofbestuur het die reg om lede op die Hoofbestuur te koöpteer.
- 5.1.3 Die Hoofbestuur mag ook by die jaarlikse reorganisasie 20 addisionele lede verkies tot die Hoofbestuur.
- 5.1.4 Vakatures wat tydens 'n termyn ontstaan word na gelang van omstandighede of deur die betrokke tak, of deur die Hoofbestuur aangevul.
- 5.1.5 Beskermhere en -vroue is lid van die Hoofbestuur solank hulle lid van die *ANB* is.
- 5.2 Werksaamhede van die Hoofbestuur**
- Die Hoofbestuur is belas met die volgende werksaamhede en pligte:
- 5.2.1 Die Hoofbestuur kies jaarliks by die reorganisasievergadering uit eie geledere 'n:
- 5.2.1.1 'n Voorsitter.
- 5.2.1.2 'n Ondervoorsitter.
- 5.2.1.3 'n Penningmeester.
- 5.2.1.4 twee addisionele lede om op die Dagbestuur te dien.
- 5.2.1.5 Een van die addisionele lede dien as sekretaris indien daar nie 'n voltydse sekretaris bestaan nie.
- 5.2.2 Om elke jaar 'n finansiële vergadering van die Hoofbestuur te belê waar die volgende aspekte hanteer moet word. Die finansiële vergadering val saam met die eerste Hoofbestuurvergadering na die finansiële jaareinde van die *ANB*
- 5.2.2.1 Behoorlik geouditeerde state van die *ANB* se geldsake aan die Hoofbestuur voor te lê vir goedkeuring.
- 5.2.2.2 'n Begroting vir die komende jaar se werksaamhede aan die Hoofbestuur voor te lê vir goedkeuring.
- 5.2.3 Toesig te hou oor die ondergeskikte liggame en besture oor die vervulling van hulle pligte.

AFRIKANER NASIONALISTIESE BEWEGING

GRONDWET

- 5.2.4 Hom daarop toe te lê om, in oorleg met die ondergeskikte besture, deur die insameling van fondse, die stigting van takke, die hou van vergaderings en deur middel van die verspreiding van propaganda en andersins, die ANB uit te bou, lewenskragtig te maak, dit te laat inwortel en gedy in die volkslewe.
- 5.2.5 Van tyd tot tyd komitees te benoem om met die sake van die Hoofbestuur behulpsaam te wees. Die Hoofbestuur het die reg om vaste komitees aan te stel na gelang van die behoefte. Lede vir sodanige vaste komitees moet jaarliks op die reorganisasievergadering deur die Hoofbestuur verkies word.
- 5.2.6 Die Hoofbestuur kan van sy funksies deleger aan die Dagbestuur indien so 'n besluit geneem word met 'n gewone meerderheid van stemme.
- 5.2.7 Die Hoofbestuur is die hoogste gesagsliggaam in die ANB en alle ander mindere liggame moet verantwoording doen aan die Hoofbestuur.
- 5.2.8 Die Hoofbestuur kan, sonder opgaaf van redes, enige bestuur of liggaam van die ANB ontbind en dan die nodige stappe neem om sodanige liggaam weer saam te stel.
- 5.2.9 Die Hoofbestuur het die reg om enige lid, sonder opgaaf van redes, se lidmaatskap te skrap.
- 5.2.10 Die Hoofbestuur is die enigste liggaam wat wysigings aan die ANB Grondwet of Grondslag, Doelstellings en Beginsels kan aanbring, en dan ook net met 'n twee derde meerderheid van stemme. Grondwet wysigings kan slegs op die jaarvergadering van die Hoofbestuur behandel word en dan slegs as sodanige wysigings ten minste 14 dae skriftelik aan die lede van die Hoofbestuur beskikbaar gestel word.
- 5.2.11 Die Hoofbestuur moet skriftelike appêlle van lede of mindere liggame van die ANB aanhoor en daarmee handel na goeddunke. Enige lid of mindere liggaam het die reg tot appêl teen 'n besluit uitgesonder dié van die Hoofbestuur. Die Hoofbestuur se beslissing is finaal.
- 5.3 Vergaderings van die Hoofbestuur**
- 5.3.1 Vergaderings van die Hoofbestuur word met skriflesing en gebed geopen.
- 5.3.2 Die vergaderings word belê deur die sekretaris in oorleg met die voorsitter.
- 5.3.3 Wanneer minstens 25 Hoofbestuurslede skriftelik daarom vra, moet 'n vergadering van die Hoofbestuur belê word binne 21 dae na ontvangs van die versoek om die aangeleentheid te bespreek waarvoor sodanige vergadering aangevra is.
- 5.3.4 Gewone lede van die ANB mag Hoofbestuursvergaderings bywoon maar het nie stemreg op die vergadering nie.
- 5.3.5 'n Kworum op 'n Hoofbestuursvergadering is een derde van die lede van die Hoofbestuur. Indien daar nie 'n kworum teenwoordig is nie kan die vergadering voortgaan met dien verstande dat besluite wat op sodanige vergadering geneem word by die daaropvolgende vergadering gekondoneer word.
- 6 Beskermhere en –vroue**
- 6.1 Beskermhere en –vroue word aangewys deur die jaarvergadering van die Hoofbestuur.
- 6.2 Nominasies vir beskermhere en –vroue moet 30 dae voor die jaarvergadering aan die sekretaris voorsien word.
- 6.3 Beskermhere en –vroue word geag om senior Afrikaner Nasionaliste te wees wat 'n bewese bydrae tot die bewaring/uitbou van Afrikaner Nasionalisme gemaak het.
- 7 Dagbestuur**
- 7.1 Samestelling**
- 7.1.1 Die Dagbestuur word saamgestel uit die voorsitter, ondervoorsitter, penningmeester en twee addisionele lede soos verkies deur die Hoofbestuur
- 7.1.2 Die sekretaris van die Hoofbestuur dien ook op die Dagbestuur.
- 7.2 Werksaamhede van die Dagbestuur**
- 7.2.1 Die Dagbestuur aanvaar verantwoordelikheid vir die dag tot dag bedryf van die ANB.
- 7.2.2 Adviseer die Hoofbestuur in verband met aktuele sake wat die ANB raak.
- 7.2.3 Hou toesig oor die uitvoering van die ANB Doelstellings en Beginsels.
- 7.2.4 Addisionele funksies kan van tyd tot tyd deur die Hoofbestuur opgedra word aan die Dagbestuur.
- 7.2.5 Die Dagbestuur kan van sy funksies deleger aan die sekretaris.
- 7.2.6 Die Dagbestuur het die mag om van tyd tot tyd personeel vir die ANB aan te stel soos wat benodig mag word, en hou toesig oor sodanige personeel.

AFRIKANER NASIONALISTIESE BEWEGING

GRONDWET

7.3 Vergaderings van die Dagbestuur

- 7.3.1 Vergaderings van die Dagbestuur word belê deur die sekretaris in oorleg met die voorsitter.
- 7.3.2 Die Dagbestuur moet vergader so dikwels as wat hulle dit nodig ag.
- 7.3.3 Dagbestuursvergaderings mag by wyse van telefoon- of internetkonferensiefasaliteite gehou word.
- 7.3.4 'n Kworum van die Dagbestuur is drie lede.

8 Personeel

- 8.2 Die sekretaris sal as uitvoerende beampte en hoof van sodanige personeel dien. Die sekretaris is verantwoordelik aan beide die Dag – en Hoofbestuur.
- 8.3 Personeel het slegs spreekstem op vergaderings van die ANB.
- 8.4 Die Dagbestuur besluit oor personeel se diensvoorwaardes en moet toesig hou oor hulle bedrywighede.
- 8.5 Personeel kan lede van die ANB wees maar kan nie in enige van die ampte van ANB verkies word nie.

9 Regspersoonlikheid

- 9.2 Die ANB is 'n liggaam met regspersoonlikheid en gevolglik het hy die bevoegdheid om regtens onder dié naam eisend en verwerend op te tree, om vaste en roerende bates aan te koop en te vervreem en om ander handeling te doen wat ander liggame met regspersoonlikheid wetlik kan doen en verrig behoudens die bepalinge van hierdie Grondwet.
- 9.3 Die ANB word beheer en bestuur deur die Hoofbestuur en alle handeling van die Hoofbestuur, wat nie buite sy bevoegdheid is in terme van die ANB grondwet is nie, word as handeling van die ANB beskou.
- 9.4 Die Dagbestuur kan slegs die ANB regtens verbind indien 'n eenparige besluit tot dien effek deur al die lede van die Dagbestuur geneem word. Sake wat die regs aanspreeklikheid van die ANB raak wat nie dringend van aard is nie moet deur die Hoofbestuur hanteer word.
- 9.5 Fondse en ander bates wat in besit van takke is, is die onvervreembare eiendom van die ANB en kan as sulks deur die Hoofbestuur opgeëis word.
- 9.6 Enige volmag of ander dokument wat namens die ANB verly word, word beskou as behoorlik verly as dit onderteken is deur of die voorsitter

of die ondervoorsitter en die sekretaris of sy gemagtigde plaasvervanger wat deur die Dagbestuur aangewys kan word in oorleg met die sekretaris.

- 9.7 Indien die Hoofbestuur daarvan oortuig is dat hierdie Grondwet per abuis of onopsetlik nie nagekom is nie, kan die Hoofbestuur sodanige nie-nakoming kondoneer en daarna word dit geag dat so'n handeling ooreenkomstig die bepalinge van hierdie Grondwet gedoen is.